TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 8/3/2017 **LAASTE NUUSBRIEF** **Datum: 14 Sept 2017**

Uit die kantoor:

Hierdie is ons laaste nuusbrief uitgawe vir die kwartaal.

Regstelling

Let daarop dat die skool gedurende die laaste toetsweek normale tye begin en sluit en nie soos op die toetsrooster aangedui is nie. Die skool sluit slegs in ons eksamenkwartale (Junie en Nov) vroeër.

Love tree

As 'n veiligheidsmaatreël moes ons ook die stomp verwyder. Dit was nogal 'n groot storie om dit uit te grou en te verwyder. Dankie aan die pappa wat dit gratis vir ons gedoen het.

Dit het egter nie sonder 'n paar komplikasies gepaard gegaan nie. Met die uitgrouproses is 'n kragkabel wat onder deur die boom geloop het afgesny. Behalwe dat ons vir 'n paar dae sonder krag was, het die dam- en swembadpomp ook uitgebrand. Seker die boom se manier om my terug te kry vir die afsny daarvan.

VCSV kamp

Die terugvoering oor die kamp is baie positief. Dankie aan me Liezl Hiten en Doxa Deo se jeugspan vir die reëlings en program. Ook die ouers wat dit vir hulle kinders moontlik gemaak het.

BELANGRIKE DATUMS:

15 Sept: Maths 24 kompetisie. Die leerlinge wat betrokke is weet wie hulle is.

18 Sept: Sport- en kultuurfoto's word geneem. Maak seker dat u kind al sy sport-/kultuurklere inpak. Om dit makliker te maak mag hulle met hulle sport-/kultuurdrag en sweetpakke skool toe kom. Foto's word op bestelling gekoop en kos R25 per A5 foto.

19 Sept: Indien ons nie klaar kry met die foto's nie, word dit Dinsdag afgehandel. Ons sal die kinders inlig.

20 Sept: GSF debat. Om 9:15 in die saal. Ouers welkom.

Gr 7 leerlinge verkoop "cup cakes" as deel van die EBW kurrikulum waarin hulle leer oor die kuns van handeldryf. Bring geld saam as jy een wil koop.

21 Sept: Toetsweek begin. Sien die rooster wat gesirkuleer is.

22 Sept: Die biblioteek- en rekenaarassistente besoek die Volksblad en daarna gaan hulle 'n melkskommel drink.

24 Sept: Erfenisdag

25 Sept: Publieke vakansiedag. Geen skool.

BELANGRIKE DATUMS VERVOLG

28 Sept: Kleure-atletiek veldnommers na afloop van die toetse. Sien die aangehegte skrywe oor atletiekoefeninge.

Leerlinge ontvang die buitemuurse rooster.

29 Sept: Die skool sluit om 10:00 en heropen weer Maandag, 9 Oktober.

1 Okt: Voortrekkerkamp te Doornkloof. Die betrokke Voories kry die nodige inligting.

PERSONEELSAKE/VERJAARSDAE

21 Sept: Chris Vosloo – BL verjaar

30 Sept: Juf Esbé Dippenaar (Gr 3)tree in die huwelik. Sy is reeds vanaf Dinsdag, 26 Sept met verlof. 'n Aflospersoon is gereël.

6 Okt: Mnr Stefan Smith, Gr 6 en departementshoof, verjaar.

SKOOLGELDE

Met verwysing na die skoolgeld-brief wat u aan die begin van die jaar ontvang het herinner die BL u daaraan dat **skoolgelde vanaf vanjaar oor 11mde gehef word. U moet dus onthou om vir Desember ook te betaal.**

In die verlede sou ons November en dan eers weer in Februarie skoolgelde ontvang. Met die stygende kostes en salarisse wat betaal moet word ervaar ons 'n kontantvloeiprobleem en was genoodsaak om dit te verander.

MUSIEK

Musieklesse vir die derde kwartaal staak op Donderdag 21 September.

Enkele leerders se musiekgeld is nog uitstaande. Vergewis uself asb hiervan en maak seker dat u kind se lesse tot op datum betaal is.

UITSLAE

Die volgende spelers is gekies vir die MM Krieketspan wat gedurende die vakansie in Sasolburg aan die Vrystaat Kriekettoernooi gaan deelneem:

Alwyn Smith 0/11A
Dale Williams- 0/11A
Ricu vd Bergh – 0/13B
Wendell Plaatjies – 0/13A

VOORTREKKERS

Onthou om jou Voortrekker-klere aan te trek of saam te bring vir die foto's wat Maandag geneem word. Die PD's onthou jul onderbaadjies.

EERSTELING

Baie dankie vir al die donasies wat geskenk is om sodoende elke Vrydag vir die kinders kos te gee. Ons waardeer u omgee.

KOM HOU KARNAVAL!!

Donderdagmiddag, 21 September na skool.

Van die aktiwiteite is o.a:

Glybane, trapkarre, kermis-speletjies, volleyball, gesigverf, haarsprei, sokker en boeresport.

(Slegs die kleuters speel rugby, netbal en hokkie)

***Onthou*: KOM KOOP JOU DEELNAME-KAARTJIE @ R30 by die Kleuterskool.**

Deelname-kaartjies is vir kleuters sowel as laerskoolleerders en sluit ***ONBEPERKTE DEELNAME*** aan al die Karnaval-aktiwiteite in.

Kontant snoepie heel middag beskikbaar!

(Ongelukkig kan ons nie snoepie-kaarte aanvaar nie.)

TROETELDIERKOS-SKENKING

Die DBV, Huistoe en New Beginnings het gebaat by ons donasies en is baie dankbaar.
Hier is 'n briefie vanaf New Beginnings:

"Dear Elsabé and Tjokkies school.
WOW WOW WOW!!! WHAT a HUGE surprise we got when we saw all the AMAZING donations the kiddies collected for us!!!
From the BOTTOM of our hearts a HUGE thank you from all our shelter animals at New Beginnings.
WE ARE SO THANKFUL!!!!
Please thank ALL the parents for us and the kids?
THANK YOU AGAIN FOR THE DONATION!!!!
Kind Regards, Natalie Kotze"

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

SNUFFELS

Lekkerbek cupcakes en verjaarsdagkoeke:

Beskuit 500 g:
Nutty Wheat R55
Karringmelk R50
Gesondheid R55
Wheat Bix R55

Koekies vir vakansie:

1 kg gemeng R100
1,8kg gemeng in houer R200

Vrugtekoeke (heerlik)
1.3 kg R250
1.8 kg R300

Vir bestelling kontak Enge by 084 5115 294

O/11 TENNIS LIGABEPALINGS

(TUISSPANNE WORD EERSTE GENOEM)

DATUM	**O/11 SEUNS (1e liga)**
18 Okt	WP A vs Univ A
25 Okt	Univ A vs Grey B
1 Nov	Univ A vs Grey A
DATUM	**O/11 DOGTERS (1e liga)**
16 Okt	Eun vs Univ
23 Okt	Univ loslootjie
30 Okt	Univ vs OMS A
6 Nov	Univ vs FHP
13 Nov	Univ vs OMS B

PERIODES EN TYE VIR SEPTEMBER TOETSREEKS (REGSTELLING)

21 SEPT 2017 TOT 29 SEPT 2017

PERIODE 1	07:30 - 08:00
PERIODE 2	08:00 – 08:30
PERIODE 3	08:30 – 08:50
KORTPOUSE	**08:50 – 09:00**
TOETSE	**09:00 - 11:00**
LANGPOUSE	**11:00 – 11:30**
PERIODE 8	11:30 – 12:00
PERIODE 9	12:00 – 12:30
PERIODE 10	12:30 – 13:00
PERIODE 11	13:00 – 13:30

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

Die leerders skryf op **28 & 29 Sept vanaf 07:30 tot 09:00.**
Die rede hiervoor is die veldnommers van atletiek wat na afloop van die toetse op Donderdag plaasvind en die skool wat op Vrydag sluit.

PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS
TOETSROOSTER:

21 SEPTEMBER 2017 – 29 SEPTEMBER 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
21 SEPT DONDERDAG				EBW
22 SEPT VRYDAG	AFR	AFR	AFR	AFR
26 SEPT DINSDAG	WISK	WISK	WISK	WISK
27 SEPT WOENSDAG	ENG	ENG	ENG	ENG
28 SEPT DONDERDAG	NWT	NWT	NWT	NW/TEG
29 SEPT VRYDAG	SW	SW	SW	SW

PERIODES EN TYE VIR SEPTEMBER TOETSREEKS. (REGSTELLING)

21 SEPT 2017 TOT 29 SEPT 2017

PERIODE 1	07:30 - 08:00
PERIODE 2	08:00 – 08:30
PERIODE 3	08:30 – 08:50
KORTPOUSE	**08:50 – 09:00**
TOETSE	**09:00 - 11:00**
LANGPOUSE	**11:00 – 11:30**
PERIODE 8	11:30 – 12:00
PERIODE 9	12:00 – 12:30
PERIODE 10	12:30 – 13:00
PERIODE 11	13:00 – 13:30

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

Die leerders skryf op **28 & 29 Sept vanaf 07:30 tot 09:00.** Die rede hiervoor is die veldnommers van atletiek wat na afloop van die toetse op Donderdag plaasvind en die skool wat op Vrydag sluit.

ATLETIEK

Massa-oefening 2017

Die atletiekseisoen is hier!

Alle leerders van Gr 3-6 word uitgenooi om hulself te kom voorberei vir die **Velditems** by die Kleure-atletiek wat op 28 September 2017 DV gaan plaasvind.

Let wel:
Leerders moet in volgende jaar se ouderdomsgroepe oefen.
Huidige **Gr3-leerders(geboortedatum - 2008**) wat volgende jaar 0/10 is kan dus met verspring, hoogspring en gewigstoot begin.
Oefening begin **Maandag18 September – Donderdag 28 September 2017.**

Item	Ouderdomsgroep	Afrigter	Tye
Gewigstoot	0/10 tot 0/13	Juf. Odette	**13:45 -14:45** Slegs: 0/10 & O/11 (Maandag) Slegs: 0/12 & 13 (Woensdag) O/10-O/13 (Donderdag)
Spiesgooi	0/12 tot 0/13	Mnr. Ryno	**15:00-16:00** Ma , Wo en Do
Verspring	0/10 tot 0/13	Mnr. Antonie	**13:45 - 14:45** Slegs: O/10-11 (Maandag) Slegs: O/12-13 (Woensdag) O/1O-O/13 (Donderdag)
Hoogspring	0/10 tot 0/13	Mnr. Nicolaas	**14:00 - 15:00** Slegs O/12 - O/13 (Maandag) Slegs O/10 - O/11 (Woensdag) O/10-O/13 (Donderdag)

Naellope en Middelafstande

Slegs leerders wat die jaar in die atletiekspan was moet asb. kom oefen.
Hierdie oefening vind by JF Hoërskool se atletiekbaan plaas.
'n Bussie sal daagliks die atlete heen en terug vervoer indien hul nie op hul eie daar kan kom nie.

Naellope (Gr 1-2)	0/8 (2010) en 0/9 (2009)	Juf. Sumé	**13:45 -14:45** Ma , Wo,Do
Naellope (Gr 3-7)	0/10 (2008) tot 0/13 (2006)	Juff. Natasha en Sariana	**13:45 -14:35** Ma , Wo,Do
Middelafstand	0/10 tot 0/13	Juf. Elzanne	**13:45 -14:45** Ma,Wo en Do

NB! Geen oefening op Maandag 25 September weens vakansiedag.

Atletiekgroete

Juf. Natasha van Rensburg